higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5030042)

12 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

FCED

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 … is 'n mediese prosedure wat tydens kraam op swanger vroue uitgevoer word om pyn te verminder.

A Episiotomie
B Keisersnit
C Epiduraal
D Amniotomie

1.1.2 Wat veroorsaak 'n ektopiese swangerskap?

A Skade aan die Fallopiese buise.
B Skade aan die breinsenuwees.
C Skade aan die lewer.
D Skade aan die longe.

1.1.3 Bababedruktheid ('Baby blues') staan ook bekend as ... depressie.

A voorgeboortelike/antenatale
B perinatale
C antepartum-
D nageboortelike/postnatale

1.1.4 Wat is die mediese naam wat die prosedure beskryf wat uitgevoer word as die moeder nie normaal geboorte kan skenk nie?

A Vakuumekstraksie
B Tangverlossing
C Keisersnit
D Vaginale verlossing

1.1.5 Kleurkonsepte het te doen met die vermoë om ...

A konsepte te kan registreer en aanvaar.
B die verskillende soorte konsepte te lees.
C kleure te herken en te kan benoem.
D konsepte te kan registreer en aanmeld.

1.1.6 Vryspel is wanneer die kind ...

A besluit waarmee om te speel.
B die aktiwiteite wat by verskillende ouderdomsgroepe pas ontwerp.
C aan die nommering van vorme deelneem.
D prentjies herken en benoem.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 … is die virus wat die menslike immuunstelsel negatief affekteer.

A Griep
B MIV/VIGS
C Diabetes
D Artritis

1.1.8 Die leer van ... het te doen met die vermoë om vorme te herken en te benoem.

A kleurkonsepte
B prentjiekonsepte
C getalkonsepte
D vormkonsepte

1.1.9 … is die swart, klewerige stof wat die baba met sy eerste stoelgang uitskei.

A Urine
B Mekonium
C Speeksel
D Slym

1.1.10 Moraliteit is die vermoë om ...

A tussen reg en verkeerd te onderskei.
B fisies te ontwikkel.
C die verskil tussen lewe en dood te verstaan.
D die skaal tussen sterftekoers en lewe te verstaan.

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Taalontwikkeling is belangriker as die ontwikkeling van die hele kind.

1.2.2 Moraliteit is ons vermoë om die verskil tussen reg en verkeerd te leer.

1.2.3 Downsindroom is 'n siekte.

1.2.4 Een van die kenmerke van 'n visuele leerder is dat hy/sy baie aantekeninge afneem.

1.2.5 'n Voorbeeld van gehoorafsluiting ('auditory closure') is die vermoë om woorde te voltooi wat uit 'n sin gelaat is, om 'n beeld te skep.

1.2.6 FAS word veroorsaak deurdat die moeder tydens swangerskap gerook het.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Die kategorie van persepsie wat met die smaaksin te doen het, word olfaktoriese persepsie genoem.

1.2.8 Sensoriese ontwikkeling moedig kinders aan om die reuke, teksture en klanke rondom hulle te ontdek.

1.2.9 Disleksie is 'n ingeperkte vermoë om geskrewe teks te verstaan.

1.2.10 Fisiese ontwikkeling het met denke en redenering te doen.

1.2.11 Die kenmerke van 'n kind met fetale alkoholsindroom is groot ore en wye oë.

1.2.12 Asma is 'n voorbeeld van 'n chroniese siekte wat maak dat 'n kind afwesig van die skool is.

1.2.13 AGHS staan vir aandaggebrek-hiperaktiwiteitsindroom.

1.2.14 Wanneer mens 'n inklusiewe/insluitende kurrikulum uitwerk, is dit belangrik om geskikte leeruitdagings vir al die kinders daar te stel, ongeag hul vermoëns.

1.2.15 'n Begaafde kind leer stadig.

(15 × 1) (15)

1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die meting rondom die baba se koppie wat fisiese groei aandui.

1.3.2 Die naam van 'n spesialis-kinderdokter.

1.3.3 Die dra van een of meer kinders, bekend as fetusse, in die uterus van 'n vrou.

1.3.4 Wat 'n mens 'n pasgeborene tot op 2 weke oud noem.

1.3.5 Die naam wat gegee word van bevrugting tot met 2 weke swangerskap.

1.3.6 Sommige pasgebore babas het 'n geel velkleur.

(6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

1.4 Bereken die liggaamsmassa-indeks vir die volgende:

1.4.1

GEWIG	LENGTE
22 kg	1,2 m

1.4.2

GEWIG	LENGTE
34 kg	1,55 m

(2 × 2) (4)

NCV

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Parallelle spel	A	ontwikkeling van die kind uit 'n holistiese oogpunt
1.5.2	Sosiale ontwikkeling	B	wanneer daar faktore is wat 'n kind verhoed om normaal te leer
1.5.3	Ontvanklike taal	C	oorsensitiewe of ondersensitiewe reaksie op 'n sensoriese stimulus
1.5.4	Olfaktoriese persepsie	D	die kinders speel langs mekaar, maar nie met mekaar nie
1.5.5	Sensoriese wanfunksionering	E	ontwikkeling van denkvaardighede
1.5.6	Emosionele ontwikkeling	F	ontwikkel van eenjarige ouderdom af
1.5.7	Spesiale behoeftes	G	moedig kinders aan om as 'n span saam te werk en verhoudings met hul eweknieë/portuurgroep te ontwikkel
1.5.8	Morele ontwikkeling	H	moedig 'n liefde vir boeke en lees by kinders aan
1.5.9	Taalontwikkeling	I	ontwikkel geleidelik van 6 maande af
1.5.10	Begeleide spel	J	kinders ontwikkel 'n begrip vir sosiale reëls en gedrag deur speletjies te speel
1.5.11	Uitdrukkingstaal	K	volwassene is betrokke en rig die spel, maar die kind word vryheid van keuse gebied
1.5.12	Kognitiewe ontwikkeling	L	kinders word geleer om onafhanklik te wees en selfbeheersing uit te oefen
1.5.13	Hele kind	M	ontwikkel beheer oor hul hande en oogkoördinasie
1.5.14	Fisiese ontwikkeling	N	volwassene lei die spel
1.5.15	Begeleide spel	O	inligting wat ons deur reuk kry

(15 × 1) (15)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Babas is toegerus met 'n stel ingeboude reflekse wat daar is om hulle te beskerm.

2.1 Identifiseer die volgende reflekse:

2.1.1



2.1.2



2.1.3



2.1.4



2.1.5



(5 × 1) (5)

2.2 Wat word by die nageboortelike gesondekind-ondersoek ('well-child check') op ses weke verwag? (3)

2.3 Gee jou eie voorbeeld van 'n aktiwiteit wat met die ontwikkeling van elk van die volgende persepsies van 'n kind sal help:

2.3.1 Visuele (af)sluiting

2.3.2 Visuele geheue

(2 × 2) (4)

2.4 Op watter manier speel die bogenoemde persepsies 'n belangrike rol in die kind se ontwikkeling? (2 × 2) (4)

2.5 Sam is 5 jaar oud en speel elke middag by die huis op sy iPad. Hy hou nie daarvan om buite met die bure se kinders te speel nie. Hy het toegang tot die internet.

2.5.1 Watter nadele hou tegnologie vir kinders in? (5)

2.5.2 Watter ontwikkelingsgebiede sal afgeskeep word as 'n kind die heeltyd tegnologie gebruik? (2 × 2) (4)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Sentrums vir vroeë kinderontwikkeling (VKO-sentrums) speel 'n noodsaaklike rol in ons gemeenskappe, omdat kinders van geboorte tot volwassenheid deur verskillende stadiums van ontwikkeling gaan. VKO-sentrums help kinders om te ontwikkel sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik.

3.1 Wat is *kinderontwikkeling*? (2)

3.2 Hoekom is fisiese ontwikkeling belangrik vir kinders? (2)

3.3 Verduidelik die belangrikheid van voorgeboortelike sorg tydens swangerskap. (3)

3.4 Hoe kan 'n swak selfbeeld die ontwikkeling van 'n kind affekteer? (3)

3.5 Noem enige TWEE aktwititeite wat groter selfvertroue by kinders kan aanwakker. (2)

3.6 Hoe kan kinders wetenskapvaardighede op 'n vroeë stadium ontwikkel? (3)

3.7 Noem TWEE departemente wat met die registrasie van 'n crèche kan help. (2)

3.8 Verduidelik die rol van die volgende mense in die vroeë leerproses van kinders:

3.8.1 Ouer kinders

3.8.2 Volwassens

(2 × 2) (4)

3.9 Verduidelik in jou eie woorde hoekom spel belangrik is. (4)

[25]

VRAAG 4

4.1 Skep 'n breinkaart wat die verskillende maniere toon waarop speelgoed gemaak of gekies kan word. (5)

4.2 Noem DRIE items wat die educarer in die fantasie-area (voorgee-spel-area) kan plaas om die kinders aan te moedig om winkel te speel. (3)

4.3 Noem enige TWEE aktiwiteite waar kinders tussen die ouderdomme van 3 en 4 jaar hul tassin gebruik, en beskryf elke aktiwiteit. (2 × 2) (4)

4.4 Hoe kan mens sosiale ontwikkeling in kinders verbeter? (4)

4.5 Hoe kan mens jou eie multikulturele klaskamer skep? (2 × 2) (4)

4.6 Wat veroorsaak vrees by kinders? (2 × 2) (4)

4.7 Wat is die naam van die toets wat ontwikkel is om die lewenstekens ('vital signs') van 'n pasgebore baba te toets? (1)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Thandi is 3 jaar oud en gaan na Smiley Educare. Sy leer hoe om prentjies met 'n skêr uit te sny en op 'n stuk papier te plak. Ná die aktiwiteit vat die onderwyseres haar om haar hande te was en 'n versnapering te eet (happie-tyd).

5.1.1 Verduidelik die term *guldegeleentheidsperiode* ('window of opportunity').

5.1.2 Identifeer die *guldegeleentheidsperiode* in die scenario hier bo.

5.1.3 Watter aktiwiteit in die scenario is op hierdie ouderdom bemeester?

(3 × 2) (6)

5.2 Suid-Afrika het 'n diverse gemeenskap.

Verduidelik hierdie stelling. (4)

5.3 Noem DRIE domeine van die vroeë kinderjare wat tot die kind se ontwikkeling bydra. (3)

5.4 Stel TWEE maniere voor waarop jy 'n onbevooroordeelde gesindheid in jou klaskamer kan skep. (2 × 2) (4)

5.5 Watter faktore affekteer spraakontwikkeling by kinders? (2)

5.6 Gee 'n voorbeeld van die volgende vorme van diskriminasie:

5.6.1 Taaldiskriminasie

5.6.2 Rassediskriminasie

(2 × 2) (4)

5.7 Hoe sal babas die volgende vir die versorger wys?

5.7.1 Dat hulle honger is

5.7.2 Dat hulle vaak is

(2 × 1) (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou